10. Programmering

10.1 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE ALGEMENE SINODE PROGRAMMERING (Artt 8, 16)

A. Ds CA Jansen lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Punt 2.13 word terugverwys na die Ordekommissie vir die aanbring van nodige veranderings en voorlegging aan die vergadering.
D. Dr Deon Lartz rapporteer namens die Ordekommissie.

E. RAPPORT
1. Sake waarvan die Sinode kennis neem
1.1 Opdrag
1.1.1 Acta 1979:301, art 76, 3.1.5
1.1.2 Acta 1991:491 – 494
1.1.3 Acta 1994:726 – 728
1.1.4 Acta 2000:31
1.1.5 Acta 2009:848, art 2.16.2.
Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.5 kennis geneem.

1.2 Werkswyse
1.2.1 Die Deputate het vorige Sinodes se besluite geraadpleeg (kyk 1.4.1).
1.2.2 Die Deputate aangewys deur die Algemene Sinode 2009 (Acta 2009:848): het op 05 Desember 2011 vergader om die voorlopige programmering van die Agenda van die Algemene Sinode 2012 te doen. Elke Streeksinode is uitgenooi om ‘n afgevaardigde hiervoor te stuur.
1.2.3 Die finale Rapport is op 03 Januarie 2012 saamgestel.
Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.3 kennis geneem.

1.3 Logistiek
1.3.1 Vir die Agenda is 185 stukke ingedien om af te handel. Dit sluit o.a in: 147 Rapporte, 3 Appèlle, 11 Beswaarskrifte en 23 Beskrywingspunte.
1.3.2 Die Sinode het 77 uur om te vergader.
1.3.3 Die koshuis, “Dennepark”, moet op Vrydag, 13 Januarie om 08:00 ontruim word.
1.3.4 Die Sinode kos ±R235,00 per afgevaardigde per dag (reiskoste en administrasie uitgesluit).
1.3.5 Die Sinode stel hom ten doel om Vrydag 13 Januarie 2012, om 10:00 klaar te maak.
Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.5 kennis geneem.

1.4 **Beplanning**
1.4.1 Elke vergadering bepaal sy eie werkswyse. Die Deputate het die werkswyse wat oorwegend vanaf 1979–2009 gevolg is, deur elke saak na ‘n Kommissie te verwys, gemeet aan vorige Sinodes se besluite: 1942 (Acta, 1942:195-198, art 123), 1958 (Acta 1958:26-30 en 36 & 37, art 31) en 1976 (Acta 1976:14-19, art 12).
Die werkswyse om van die Kommissies gebruik te maak, blyk ‘n interpretasie van Sinode 1976 se besluit te wees. Hierdie werkswyse hou die volgende in:
1.4.1.1 bykans alle sake word 3 keer behandel (by die stel van die saak, in die Kommissies en wanneer die Kommissies terugrapporteer). Dit is nie effektiewe gebruik van beperkte tyd en geld nie.

1.4.1.2 die werkswyse tot 2009 het geweldige hoë kostes meegebring (tyd, verblyf, etes en drukwerk), sodat Sinode 2009 die kerke in kerkverband R1,565 milj gekos het wat uit ramings verhaal moet word.

1.4.2 Met die beplanning is wyd advies gevra.

1.4.3 'n Vergadering is op 18 April 2011 met die voorsitters/skriba's van die meeste Deputategroepe gehou, waartydens die werkswyse wat die Deputate in gedagte het, deurdink kon word en aandag gegee word aan die formaat van Rapporte (korter Rapporte).

1.4.4 Sekere Rapporte is tegnies geredigeer om korter en makliker leesbaar te wees (bv een Rapport is in 5 of 6 korter Rapporte verdeel).

1.4.5 Die Agenda is reeds in November 2011 beskikbaar gestel en word as voorberei beskou. Afgevaardigdes kry genoegsaam tyd om na afloop van elke dag se sessies die Aanvullende Agenda voor te berei (die Ordekommissie se voorgestelde dagprogram behoort aanduiding te gee van wat voorberei moet word).

Besluit: Punte 1.4.1 tot 1.4.5 kennis geneem.

1.5 Spreekstem Spreekbeurte

1.5.1 Spreekstem behoort volgens kredensiebrief by afgevaardigdes en volgens KO, art 18 by professore as adviseurs.

1.5.2 Persone wat nie afgevaardig is nie, maar wel by Rapporte, Beskrywingspunte en Beswaarskrifte betrokke is, kan wel mbt toeligting spreekbeurt kry.

1.5.3 Nie-afgevaardigdes kry geen spreekbeurt nie.
Motivering: Die Sinode is 'n vergadering van Streeksinodes (KO, art 50) waarheen afgevaardigdes met las en volmag gestuur word.

1.5.4 Spreekbeurte moet ekonomies gebruik word.
Motivering: Die Sinode is 'n kerklike vergadering en nie 'n forum vir gesprekvoering nie.

Besluit: Punte 1.5.1 tot 1.5.4 kennis geneem.

1.6 Aanwys van Kommissies

Die volgende kriteria is gevolg:

1.6.1 Gawes

1.6.2 Keuse van afgevaardigdes

1.6.3 Aanbevelings deur Streeksinodes

1.6.4 Beswaarskrifte of Appèlle waarby 'n Streeksinode direk of indirek betrek word, se afgevaardigdes dien sover moontlik nie op Kommissies wat die betrokke Appèl of beswaar behandel nie

Besluit: Punte 1.6.1 tot 1.6.4 kennis geneem.

1.7 Mediaskakeling

1.7.1 Dr HF van Wyk het die GKSA se webwerf gereed.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die vergadering besluit

Die Deputate beveel aan:

2.1 *Lokale*

Lokale waar Kommissies vergader se name is op die deure aangebring en ter wille van ordelikheid word dit nie verander nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Vergadertye*

2.2.1 Vergadertye verander vanaf die aanbevelings van die Rapport Roepende Kerkraad omdat aangepas moet word by die etenstye wat die NWU (Pukkampus) aan ons gee:
07:00 – 08:00 (ontbyt)
08:00 – 10:00
10:00 – 10:15 (teetyd)

10:15 – 12:15
12:15 – 14:00 (middagete)
14:00 – 15:30
15:30 – 15:45 (teetyd)
15:45 – 17:15
17:15 – 18:30 (aandete)
18:30 – 21:00

Besluit: Goedgekeur met wysiging van teedrinktye.

2.3 *Werkswyse.*

2.3.1 Elke ontvanklike saak word ter tafel geneem, behandel en afgehandel (KO, art 30)

2.3.2 Appèlle en Beswaarskrifte word na die betrokke Kommissies verwys vir pre-advies.

2.3.3 By die stel van 'n Rapport, Beskrywingpunt en Beswaarskrif word die dokument nie deur die toeligter gelees of opgesom nie (die afgevaardigdes het dit reeds gelees). Wanneer 'n verduidelik noodsaaklik is, kan dit gegee word.

2.3.4 Wanneer die Sinode in 'n saak probleme ondervind in die formulering van 'n besluit, word dit na 'n Kommissie verwys (kyk Acta 1976, art 12)

2.3.5 Kommissies wat deur die Deputate voorsien word om steeds vir die Sinode van diens te wees, is: Ordekommissie, Finansiële Kommissie, Kommissie vir die Aanwys van Deputate, Administrasiekommissie, Kerksakekommissie, Kommissie Liturgiese Sake en Diakonale Sake.

2.3.6 Saterdag, 7 Januarie – dat die Sinode tot om 16:00 vergader, indien nodig.

2.3.7 Die beplanning van die Sinode word so gedoen om Vrydag 13 Januarie om 10:00 klaar te maak.

Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.7 goedgekeur met moontlike wysing later van 2.3.6.

2.4 *Spreekstem en Spreekbeurte*

2.4.1 Met spreekstemme en spreekbeurte word gehandel volgens 1.5.

Besluit: Goedgekeur met uitbreiding van spreekstem vir amptelike afgevaardigdes van kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het.

2.5 *Die Sinode "in camera"*

Wanneer die Sinode "in camera" gaan, word aanbeveel dat, naas afgevaardigdes, die volgende toegelaat word om in die vergadering te bly:

(i) Adviseurs
(ii) emerituspredikante en –professore
(iii) diensdoende predikante en ouderlinge wat nie afgevaardig is nie
(iv) Diensdoende tikster
(v) Kosters

Besluit: Goedgekeur met toevoeging van tolke.

2.6 *Adviseurs*

Die professore TSP, ooreenkomstig KO, art 18, gee advies aan Kommissies soos hulle versoek word.

Besluit: Goedgekeur.

2.7 *Ordereëlings rondom en vir die godsdiensoefening in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult.*

Die volgende word aanbeveel:

2.7.1 Die Voorsitter rig die dankwoord aan prof BJ de Klerk vir die Godsdiens wat hy sal lei.

2.7.2 Groeteboodskappe van ander kerke (binnelands) word oorgedra.

Besluit: Goedgekeur met reëling oor 2.7.2 dat die ondervoorsitter, dr DG Breed, die betrokke sprekers aan die woord sal stel en na die afloop van die onderskeie groeteboodskappe 'n gesamentlike dankwoord aan die betrokkenes sal rig.

2.8 *Ander reëlings*

2.8.1 Vir elke dag se opening word 10 minute ingeruim/toegelaat.

2.8.2 Groeteboodskappe van kerke met wie die GKSA in ekumeniese eenheid is, word oorgedra wanneer die betrokke Rapporte behandel word.

2.8.3 Die Rektor van die Noordwes Universiteit se Potchefstroomkampus, prof H van Schalkwyk, lewer 'n groeteboodskap op 09 Januarie 2012 om 18:30.

2.8.4 Die verjaarsdag van die Potchefstroomkampus van die NWU en die Teologiese Skool word deur die kampusrektor op 11 Januarie 2012 om 18:30 te Christa Gallie aangebied.
2.8.5 Konstituering van die Kuratore vind 09 Januarie 2012 om 12:30 plaas.
2.8.6 Afgevaardigdes wat wel Saterdagmiddag en -aand en Sondag se 3 etes neem, moet dit voor Donderdag 17:00 aandui. Die Ordekommissie sal hierdie saak reël.
2.8.7 Voorsang: dat ds JB du Plessis/ds MA Modise leiding neem met die sang.

Besluit: Punte 2.8.1 tot 2.8.7 goedgekeur.

2.9 *Uitgee van die Handelinge*

2.9.1 Die drie skriba's van die Sinode, die voorsitter en skriba van die Ordekommissie word as Deputate aangewys om die Handelinge saam te stel.
2.9.2 Prof SP van der Walt word as adviseur vir hierdie Deputate aangewys.

Besluit: Punte 2.9.1 en 2.9.2 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

2.10 *Stem en stemtelling*

2.10.1 Die Moderamen gee leiding wanneer in sake van hoofdelike stemming of geslote stembriewe gebruik gemaak word.
2.10.2 Die Ordekommissie tree op as stemtellers.
2.10.3 Die geel A-5 kartonne in die lêers word gebruik vir hoofdelike stemming.

Besluit: Punte 2.10.1 tot 2.10.3 goedgekeur.

2.11 *Mediaskakeling*

2.11.1 Dat skakeling met die media aan die diskresie van die Moderamen oorgelaat word.
2.11.2 Dat rapporteurs van Deputategroepe versoek word om aspekte van hulle Rapporte wat hulle ag vir die media van belang kan wees, aan die Ordekommissie deur te gee.

Besluit: Punte 2.11.1 en 2.11.2 goedgekeur.

2.12 *Aanwys van Deputate*

2.12.1 Vir die Kommissie se werksaamhede en Rapport word die volgende Sinodebesluit saamgevat:
2.12.1.1 die aanbevelings van name soos deur kerke voorgestel en wat beskikbaar is by die Uitvoerende Bestuurder van die Administratiewe Buro in aanmerking geneem word.
2.12.1.2 Geen emeriti of emeritusprofessore moet in die Deputategroepe benoem word nie. Dienende professore moet sover moontlik nie op Deputategroepe aangewys word nie (Acta 1979:179, 8.4).
2.12.1.3 Die bepalings vir die samestelling van die Bestuur van die Administratiewe Buro, Trustees van die verskillende Trustfondse en ander Deputategroepe is vervat in Acta 2003 of soos deur die Sinode besluit.
2.12.2 Alle afgevaardigdes lewer hulle insette, verkieslik skriftelik, aan die Kommissie.
2.12.3 Die Finale Rapport dien die laaste dag van die Sinode, wat onbespreek deur die Sinode ter tafel geneem word.

Besluit: Punte 2.12.1 tot 2.12.3 goedgekeur.

2.13 *Kommissies van die Sinode*

2.13.1 Die Kommissies hou hulle streng by die vergaderlokale ter wille van enige persoon wat hulle by die Kommissies wil aanmeld.
2.13.2 Die goedgekeurde Kommissie-indeling is finaal.
2.13.3 Die Kommissies gee genoegsaam tyd vir rapporteurs, toeligters en ander afgevaardigdes wat insette wil lewer, om hulle sake te stel.
2.13.4 In die Kommissies vervang die sekundus afgevaardigde die primus as laasgenoemde nie teenwoordig is nie.
2.13.5 Kommissies moet so gou moontlik, wanneer die opdrag gegee is, vergader om so vinnig moontlik hulle Rapporte te voltooi. Dit sal meer tyd beskikbaar stel vir bespreking en besluitneming.
2.13.6 Sover moontlik is net een saak aan 'n Kommissie toegedeel. Dit staan Kommissies vry om in Subkommissies te verdeel.

2.13.7 Kommissierapporte wat gereed is, moet aan die voorsitter of skriba van die Ordekommissie deurgegee word wat sal reël vir die prosessering van die Rapport. Die volgende word as Kommissies aanbeveel:

1. ORDEKOMMISSIE

Opdrag:	Tel van stemme, dagprogram, notule, logistiek.
Vergaderplek:	Raadsaal Admin Buro
Voorsitter:	Ds CA Jansen (O)
Skriba:	Dr D Lartz (RV)
Adj Skriba:	Ds SP Venter (B)
	Dr H Goede (RV) (Notules)
Lede:	Di PJ van Blerk (NW-kopiëring), GC Coetzee, CJ Nagel [jr] (B), OI Rooibaadjie (NW); Oudle FJWJ Slabbert (NW), WJD Fouché (O), WJ Swanepoel (RV)

2. APPÈLKOMMISSIE 1

Opdrag:	14.4A / 21.12AA (Appèl G & F Kruger)
Vergaderplek:	Studenteteekamer (TSP)
Voorsitter:	Ds JB du Plessis (NW)
Skriba:	Ds JGL vd Walt (S)
Lede:	Di JP Fleischmann (S), HG Schutte (VSKZN); Oudle JC Roos (B), MJ Lourens (NW), CG Foster (S), XO Matrose (S)

3. APPÈLKOMMISSIE 2

Opdrag:	Appèl B Spoelstra teen Streeksinode Pretoria: beroepbaarstelling br CJ Malan
Vergaderplek:	TSP K 103
Voorsitter:	Ds DHP Wijnbeek (S)
Skriba:	Dr JH Howell (O)
Lede:	Di PJ de Bruyn (S), JH Grobler (B); Oudle J Smit (VSKZN), NJ Janse van Rensburg (RV)

4. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 2

Opdrag:	16.11A; 16.12A (Menseregte)
Vergaderplek:	Teologie G 15
Voorsitter:	Dr SJ van der Merwe (NW)
Skriba:	Ds FM Dreyer (RV)
Lede:	Di JJ Cloete (NW), NR Makungo (B – sek); Oudle ST Siphoro (B), P Aucamp (S), DA Steenkamp (NW)

5. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 3

Opdrag:	21.3 A (Vrou ds/oudl Bfn Suid)
Vergaderplek:	Admin Buro (Wymie se ou kantoor)
Voorsitter:	Ds JP vd Walt (S)
Skriba:	Ds WGM Kotze (P)
Lede:	Di LJ Erasmus (B); Oudle HS van der Walt (P), CG Theron (VSKZN), M Diedericks (P), AP Burger (S), M Ndlovu (VSKZN)

6. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 4

Opdrag:	21.4 A (Vrou ds/oudl Klerksdorp)
Vergaderplek:	Kerk Moederskamer
Voorsitter:	Ds PA Coetzee (NW)
Skriba:	Ds HPM van Rhyn (P)
Lede:	Di SPJ Vermaak (VSKZN), MG Mdluli (RV); Oudle D Putter (P), JTS van der Merwe (B) JM Swanepoel (S)

7. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 5

Opdrag: 21.5A (Vrou ds/oudl Krugersdorp)
Vergaderplek: Kerk Konsistorie
Voorsitter: Dr PK Lourens (VSKZN)
Skriba: Ds MJ Smidt (VSKZN)
Lede: Ds SA Cilliers (B); Oudle J Venter (B), J Malelekoa (VSKZN), ZC Pretorius (P)

8. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 6

Opdrag: 21.9 (Vrou ds/oudl Potch-Noord/Noordbrug)
Vergaderplek: Teologie G 06
Voorsitter: Ds GS Kruger (P)
Skriba: Ds PW Kurpershoek (O)
Lede: Di JE Temba (VSKZN), PJ van Blerk (NW), DV Correia (B), JC van Dyk (NW); Oudle GS Vermaak (B), AT Dreyer (O), MM Venter (P)

9. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 7

Opdrag: 21.8 (Vrou ds/oudl Klassis Oost Pta)
Vergaderplek: TSP K 111
Voorsitter: Ds P Venter (NW)
Skriba: Dr EJ de Beer (B)
Lede: Di CJ van Vuuren (B), MJ Erasmus (P); Oudle CJ Skinner (NW), THB van Dam (P), LJ de Beer (B)

10. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 8

Opdrag: 21.10 (Vrou ds/oudl Streeksinode Randvaal)
Voorsitter: Dr WC Opperman (NW)
Skriba: Dr HG Stoker (VSKZN)
Lede: Di P van Wyk (P), DJ Dykstra (B); Oudle DJ de Klerk (VSKZN), HV van Wyk (P), J Khumalo (VSKZN)

11. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 9

Opdrag: 21.7 (Vrou diaken – Klopper ea)
Vergaderplek: TSP K 112
Voorsitter: Dr DJ de Kock (B)
Skriba: Ds CB Swanepoel (P)
Lede: Dr PJ Buys (NW), ds LJE Venter (B); Oudle JJ de Bruyn (NW), GJ Coetzee (VSKZN), AJ Venter (S)

12. KOMMISSIE BESWAARSKRIFTE 10

Opdrag: 20.10 (B Spoelstra)
Vergaderplek: Teologie 204
Voorsitter: Ds CJH Breed (O)
Skriba: Ds IW Ferreira (P)
Lede: Di GJ Erasmus (NW), MN Muhadi (B); Oudle OFJ Hartung (O), W Prinsloo (P)

13. KOMMISSIE FINANSIES

Opdrag: Finansiële rapporte en finansiële implikasies van rapporte
Vergaderplek: Admin Buro Personeel teekamer
Voorsitter: Ds W Vogel (NW)
Skriba: Ds PJ Nel (P)
Adj Skriba: Ds J van Schaik (RV)

Lede: Di JA Berg (B), OJ Struwig (O), H Reinecke (S), AL Pelser (VSKZN); Oudle IJ Lessing (S), JJ Howell (RV), GP de Jager (P), HAJ Oosthuizen (NW), BD Bakker (O), RJ Muller (VSKZN), LJE Venter (B)

14. KOMMISSIE KERKSAKE: HISTORIES EN KERKREGTELIK

Opdrag: 20.7AA (KO, art 48)
Vergaderplek: TSP K 110
Voorsitter: Ds KA J van Rensburg (S)
Skriba: Dr GJ Meijer (P)
Adj Skriba: Ds JG Noëth (NW)
de: Di TJ van Vuuren (VSKZN), NN Ligege (B), dr ALA Buys (P), di BC Smit (P), ED Pelele (NW); Oudle VE Nemaenzhe (B – sek), PWH Aucamp (NW), H Opperman (P)

15. KOMMISSIE LITURGIES

Opdrag:
Vergaderplek: Kerkgebou
Voorsitter: Dr TC de Klerk (NW)
Skriba: Ds J Malan (S)
Adj Skribas: Di PJ Jansen van Nieuwenhuizen (B), JL Aucamp (O)
Lede: Dr EJ Smit (RV), ds C Aucamp (P), dr KD Semenya (RV); Oudle CB Pretorius (B), APJ Reedijk (O), HW van der Linde (P), PS Dire (RV)

16. KOMMISSIE ADMINISTRASIE

Opdrag:
Vergaderplek: TSP Senaatsaal
Voorsitter: Ds AB van der Walt (NW)
Skriba: Ds TJ Potgieter (S)
Adj Skriba: Ds ASA de Bruyn (RV)
Lede: Di G Opperman (B), PJ Venter (P), PC van Rooy (O), dr JA Erasmus (VSKZN); Oudle SO Oostruis (NW), JAJ Hoffmann (B), BJ Vorster (O), P Joubert (RV), PA Welken (VSKZN), G Oosthuizen (P), W Grové (S)

17. KOMMISSIE BENOEMING DEPUTATE

Opdrag: Wys Deputategroepe aan soos deur die Sinode besluit
Vergaderplek: TSP Ou Rektorskantoor
Voorsitter: Ds EJ Tiemensma (O)
Ondervoorsitter: Ds BR Kigma (S)
Skriba: Dr PH Heystek (P)
Adj Skriba: Ds NJ van der Walt (B)
Lede: Di PM Lekgetho (NW), HC van Rooy (RV), WJ Botha (VSKZN); Oudle J Pelser (VSKZN), CM van den Heever (RV), AJ du Plooy (NW), SJM Swanepoel (B), JA Botes (P), PWE Blom (S)

18. KOMMISSIE DIAKONALE SAKE

Opdrag:
Vergaderplek: Mnr HSJ Vorster se kantoor
Voorsitter: Dr SJ van der Walt (VSKZN)
Skriba: Ds MP Fourie (S)
Lede: Di JL van der Schyff (VSKZN), HL Stavast (P); Oudle CJ Coetzee (B), LM Mothogedi (NW), G Kotzee (RV), JA Hoogenboezem (P)

Besluit: Punte 2.13.1 tot 2.13.7 goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).